NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Toetrede

Wydingslied: Lied 165:1 en 2 (sittend)

***Aansteek van die eerste wydingskers***

**Liturg:**
"Die fondament van die huis van die Here
is gelê in die vierde jaar, in die maand Sif,
en die tempel met al sy toebehore is voltooi.
Hulle het sewe jaar aan die tempel gebou.
Toe die priesters uit die heiligdom kom,
het 'n wolk die huis van die Here gevul –
dit was die magtige teenwoordigheid van die Here."

**Gebedslied:** Lied 209 (sittend)

**Liturg:**
"Toe gaan staan koning Salomo
regoor die altaar van die Here,
voor die hele gemeente van Israel,
strek sy hande uit na die hemel en sê:

*Voorleser:*
"Here, God van Israel,
in die hemel of op aarde is daar nie 'n God soos U.
U hou U aan die verbond
en U bly getrou teenoor u dienaars
wat met volle oorgawe voor U lewe.
Sou U werklik op die aarde woon?
Selfs die hoogste hemel kan U nie bevat nie –
hoe dan nog hierdie tempel wat ons gebou het?
Hoor tog, Here, ons God,
die gebed van u dienaar,
hoor ons smeking,
luister na ons hulpgeroep,
die gebed wat ons vandag tot U rig.
Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg,
hierdie plek waarvan U gesê het
dat U u Naam hier sal laat woon.
Hoor tog uit u hemelse woning..."
(1 Konings 8:23-30)

**Gebedslied:** Lied 278 (sittend)

**Votum:**
*Voorleser:*

"Hoor tog, Here,
die gebed van u dienaar en volk...
Sou ons teen U sondig -
want daar is nie 'n mens wat nie sondig nie-
en sou ons daardeur ons gemeenskap,
ons lewensruimte, ons woonplek, ons land,
ons vrede en vryheid verloor,
en ons tot inkeer en berou kom,
en ons uit ons vreemdelingskap na U roep
en erken dat ons verkeerd was,
ons is skuldig;
wanneer ons dan na hierdie tempel toe bid,
hier waar u Naam woon,
luister tog uit die hemel, u woonplek;
vergewe ons opstandigheid,
hê medelye met ons,
herstel ons in ons waardigheid.
Ons behoort aan U."

(1 Konings 8: 46-51)

**Gebedslied:** Lied 246 (x2 sittend)

***Aansteek van die tweede wydingskers***

**Votum:**
*Voorleser:*

"Hoor tog, Here, die gebed van u dienaar en u volk...
Sou daar hongersnood in die land kom,
sou daar droogte kom,
sou daar pes uitbreek,
brandkoring of roes,
swerms sprinkane,
sou dit gebeur dat plaag of siekte ons tref,
dat vyande en misdadigers ons stede beleër –
luister tog na elke gebed,
elke smeking van enige mens of van u volk
wat sy hande na hierdie tempel uitstrek;
luister tog uit die hemel, u woonplek;
gryp in en skenk ons u genade;
U wat elke mens se hart ken."aardigheid.
Ons behoort aan U."

(1 Konings 8: 35-40)

**Gebedslied:** Lied 278 (sittend)

**Votum:**
*Voorleser:*

"Hoor tog, Here, die gebed van u dienaar en u volk...
Luister ook na die vreemdeling
wat nie uit u volk Israel is nie,
en omdat hy of sy gehoor het van u groot Naam,
selfs uit 'n ver land, kom
en na hierdie tempel toe bid.
Luister tog uit die hemel, u woonplek,
en doen wat die vreemdeling U in sy gebed vra,
sodat al die volke van die aarde
u Naam kan ken en U gehoorsaam kan wees,
dat almal sal weet u Naam is uitgeroep oor hierdie plek."

(1 Konings 8: 41-43)

**Gebedslied:** Lied 278 (sittend)

***Aansteek van die derde wydingskers***

**Seëngroet:**

Loflied: Psalm 84 (staande)

**Seëngroet:**

**Liturgie verloop verder...**

**Danklied:** Lied 552:1, 2, 3 – die nuwe vers – en 4 (sittend)

"Liewe Vader, ek sê dankie vir U kerk met plek vir my –
by ons lied en die gebede, kom u Woord en maak ons vry."

**Seëngebede:**

"Mag die Here ons God by ons wees,
soos Hy by ons voorouers was.
Mag Hy ons nooit verlaat of laat vaar nie.
Mag Hy ons altyd gewillig maak om volgens sy wil te leef, om ons te hou aan sy gebooie.
Mag hierdie gebed, hierdie smeking van ons
dag en nag by Hom, die Here ons God wees.
Mag Hy die reg van sy volk handhaaf.
Mag ons met volle oorgawe voor die Here ons God leef"

(1 Konings 8: 56-61)

**Amen** "In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen."

Orrelnaspel